DIE BERGKLUB VAN SUID-AFRIKA

AFDELING STELLENBOSCH
POSBUS 152, STELLENBOSCH, 7599
e-pos: stellenbosch@mcsa.org.za
Internet: http://ste.mcsa.org.za

OMSENDBRIEF NOMMER 237 **November 2003 tot April 2004**

> "The mountains are the means, the man is the end. The idea is to improve the man, not to reach the top of mountains. Climbing only makes sense if you consider the man."
>
> Walter Bonatti

• Spesiale ledevergadering: 29 Januarie 2004

'n Spesiale ledevergadering is belê vir 29 Januarie 2004 om die voorgestelde wysings van die konstitusie te bespreek. Die konstitusie met die voorgestelde veranderings verskyn op die Afdeling se webtuiste by http://ste.mcsa.org.za/konstitusie/konstitusie.htm Die ledevergadering sal baie kort wees en die volledige konstitusie en wysigings sal nie op die vergadering gelees word nie, aangesien lede genoegsame tyd het om dit van die webtuiste te kry en te bestudeer. Diegene wat nie internet-toegang het nie, kan die voorgestelde konstitusie van Jaap van Wyk per gewone pos versoek.
Die voorgestelde veranderinge word kortliks as volg opgesom:

- Die huidige konstitusie is verander om dit in lyn te bring met die vereistes van 'n Vrywillige Organisasie. Dit beteken kortliks dat die Afdeling 'n nie-winsgewende organisasie is en derhalwe sekere belastingvoordele kan geniet. Om daarvoor te kwalifiseer moet die Afdeling registreer as 'n Vrywillige Organisasie en is daar sekere minimum vereistes waaraan die konstitusie moet voldoen.
- Die bestuur van die Afdeling vergroot na 8 lede.
- Die voorsitter van die Afdeling mag net vir 3 jaar agtereenvolgend as voorsitter op die bestuur dien.

Kommentaar op die voorgestelde wysigings moet die sekretaris, Gerhard van Wyngaardt, skriftelik 2 weke (14 dae) voor die vergadering bereik. Pos na Posbus 152, Stellenbosch, 7599 of e-pos na secretary@ste.mcsa.org.za.

• NUWE BANK BESONDERHEDE VIR STELLENBOSCH AFDELING

Neem asseblief kennis dat die Stellenbosch Afdeling se bankdienste van BOE Bank na ABSA verskuif het. Die nuwe bankbesonderhede is as volg:
ABSA Stellenbosch
Takkode: 334410
Tjekrekeningnommer: 4058594483

• Ledegeld vir 2004

Volgens die konstitusie is ledegeld jaarliks voor 31 Maart betaalbaar. Sonder 'n jaarplakker is 'n ledekaart nie geldig nie. Dit is dus tot lede se voordeel om so gou as moontlik te betaal. Hernuwingsvorms is by die nuusbrief ingesluit. Direkte inbetalings in die Afdeling se bankrekening word verkies. **LET ASSEBLIEF DAAROP DAT DIE AFDELING VAN BANK VERANDER HET. Die nuwe detail word op bladsy 1 gegee.** Inbetalings kan via die internet of by enige tak van ABSA gedoen word. Gebruik jou lidnommer as verwysing op die inbetalingstrokie en stuur die strokie saam met die aangehegte hernuwingsvorm terug. Navrae: Jaap van Wyk 021-887 5335 of membership@ste.mcsa.org.za

Om die administrasie van ledegeld en die pos van jaarplakkers aan lede te vergemaklik, gaan ons die volgende stelsel volg:

- Lede wat voor 13 Desember 2003 hul ledegeld betaal, sal hul 2004 plakkers vroeg in Januarie 2004 ontvang.
- Lede wat na 13 Desember 2003 ledegeld betaal, se plakkers sal saam met die volgende nuusbrief in April 2004 gepos word, tensy 'n selfgeadresseerde koevert met 'n seël, saam met die ledegeld ontvang word.

Die Sentrale Komitee-heffing wat per stemgeregtigde lid vasgestel word, is met R5.00per lid verhoog met ingang 2004. Ledegelde is derhalwe volgens die heffing aangepas, en is dus as volg:

- Hooflid (joernaal ingesluit): R130.00
- Addisionele lede by dieselfde adres: R50.00 elk
- Gesinslede (onder 18 jaar): R25.00 elk

• Ere-lede

Dieter en Maretha Steinmann is op die jaarvergadering aangewys as erelede van die Stellenbosch Afdeling van die BKSA vir hulle langdurige bydrae tot ontwikkeling en diens van die Stellenbosch Afdeling. Weereens, baie, baie geluk en baie dankie vir julle onmisbare bydrae tot die Stellenbosch Afdeling.

• Biblioteek van die Stellenbosch Afdeling

Op die pas-afgelope jaarvergadering, is daar besluit om die inhoud van die huidige biblioteek, behalwe vir die joernale, moontlik aan Kaapstad Afdeling te skenk. Onderhandelinge moet nog gefinaliseer word. Die Afdeling se stel joernale word tans in Hans Scheffler se kantoor gehuisves en belangstellendes kan hom kontak om joernale te leen.

• Nuwe bestuur

Die nuwe bestuur is by die pasafgelope jaarvergadering aangewys. Sien agter vir 'n uiteensetting van die portefeuljes en die nuwe kontak nommers. Baie dankie vir die vorige bestuur vir hulle bydrae en harde werk van die afgelope jaar!

- **Verlies van jaarpermit stelsel nie die einde van voordele van BKSA lidmaatskap!**

Alhoewel lede sug oor die verlies van die ou jaarpermitstelsel, was dit maar een van die baie voordele van die lidmaatskap aan die BKSA. Vir diegene wat vergeet het watter ander voordele lidmaatskap van die Berklub van SA bied, volg hier kortliks 'n opsomming daarvan:

- Die Afdeling sal steeds die permitkoste van klubuitstappies dra. Diegene wat egter na die sluitingsdatum vir bespreking kanselleer, sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.
- UIAA lidmaatskap (voordelig vir gebruik van sommige Europese klubs sefasiliteite).
- Afslag word deur verskeie verskaffers van buitelug toerusting toegestaan wanneer jy jou geldige BKSA lidmaatskap kaart toon, bv. Leotana, Mountain Mail Order, Capestorm, Base camp en Cape Union Mart.
- Teen minimale koste kan jy enige van die BKSA hutte landwyd gebruik.
- Toegang na wonderlike areas via Bergklub grondgebied (bv. Springstygbeugel in die Slanghoekafgronde-area) en serwitute.
- 'n Volledige stel joernale vir navorsing, lees en geniet.
- Leiers met gepaste ervaring, kennis en vermoë om jou na nuwe (en ou bekende!) areas te lei.
- 'n Voorbereide klimprogram waarvoor jy nie eens self die moeite vir besprekings en permitte hoef te doen nie.
- Altyd 'n beskikbare klimgroep sonder dat jy moet rondbel om jou uitstappie te organiseer.
- Brei vriendskapsbande uit na ander wat dieselfde belangstelling as jy deel.

Bring dus jou vriende en familie en nooi hulle om ook lid te word van die Afdeling!

- **Nog enkele kopieë van Boland reliëf-beeld beskikbaar**

Daar is nog enkele kopieë van die Boland reliëf-beeld kaarte beskikbaar. Hierdie kaarte is van 'n sateliet-foto gegenereer. Die 3-D-effek gee 'n indrukwekkende visuele uitleg van die bergreekse in ons streek en is 'n besondere treffende vertoonstuk. Die plakkate is gelamineerd en 86 x 90cm groot. Dit kos R250,00 elk. Belangstellendes kan Hans Scheffler kontak by telefoon 021-883 9025 (h) of e-pos chair@ste.mcsa.org.za. Die kaart (en soortgelyke kaarte van ander areas) kan ook op die webtuiste van die verskaffer besigtig word by www.saexplorer.co.za/general/products.htm Die weergawe van die Boland kaart wat by Hans beskikbaar is, is spesiaal vir die BKSA gedruk en het 'n sleutel en verwysings na die hoof bergreekse.

- **Contributions to the MCSA Journal 2003**

Members are encouraged to submit articles and photographs for the 2003 Journal. The deadline for the submission of contributions is **15 January 2004**. Local material is particularly welcome. Authors should note that the Editor reserves the right to accept or return articles, as well as the right to edit to the extent considered necessary. Detailed guidelines for contributors can be viewed at:
http://www.mcsa.org.za/main/11_media/journal/journal.html

Please post your contributions to:
The Journal Editor
MCSA: Cape Town Section
97 Hatfield St
Cape Town, 8001
or email to: journal@mcsa.org.za.

• Bydrae tot serwituut in Waaihoek

Die bestuur het in beginsel 'n bedrag van R35 000.00 goedgekeur as bydrae tot 'n serwituut oor die Universiteit Kaapstad se Waaihoek eiendom (Witelskloof ingesluit). 'n Aanbod is gemaak en die finale transaksie moet nog beklink word. Die serwituut word in die naam van die BKSA (alle Afdelings) geregistreer en word gesamentlik befonds deur die WesKaap Afdelings.

• Peru expedition 2004

A national meet to the Cordillera Blanca will take place in June 2004. Thismeet is open to all members, irrespective of snow and ice experience. A few days will be spent on instruction and training for those who want to learn or improve their technique.

The general plan is to undertake a 6-7 day trek around the Cordillera, to acclimatise and to explore the area, whereafter an attempt on Huascaran (6 740m), the highest peak in Peru will be made.

There are many other peaks, both easier and harder, which can also be done.

The cost will be between R14 – R15 000.00 maximum, and includes the air ticket.

If you are interested to join, contact Greg Devine for further details at: 011-825 3866 (w) or 011-974 3695 (h) or email devine@mega.co.za.

• 50ste bestaansvieringe mini-kamp: 20 – 28 September 2003

Om die 50ste bestaansjaar van die Stellenbosch Afdeling te vier, is 'n weeklange mini-kamp in Jonkershoek en omgewing georganiseer. Met ingehoue asems het die bestuur van die Afdeling die weer met die aanvang van die kamp dopgehou. Die reën hetgedreig om die mini-kamp in 'n nat onplesierige ondervinding te omskep. Maar ten spyte van die dreigende onweerswolke het drie groepe Sondag die triestige toestande aangedurf en in 3 verskillende rigtings in Jonkershoek in gevaar. Almal het natuurlik 'ntipiese Jonkershoek dag beleef – al vier seisoene in een dag!

Na die nat begin kon dinge net beter raak en is daar die res van die week omtrent gestap en geklim en geklouter. Jonkershoek en omgewing het uitbundig saam feesgevier! Die berge was vol bruisende watervalle en haastige waterstrome waar lang dorse geles is. Die plate en plate veldblomme het die aandag van die styl hange en moeë bene afgelei en jy kon jouself verloor in die detail van die blommeprag. Wanneer die hellings wel te styl geword het was daar vele luilekker poele waarin jy jouself weer kon verfris en waarlangs jy kon kuier. Saans het ons tot laat om knetterende kampvure in die basiskamp gekuier . Daar is tot laataand oor die dag se wonders en avonture gesels totdat moeë voete en lyweons tevrede na ons slaapsakke gedryf het.

Teen Vrydagmiddag het die naderende koue front die berge met 'n wolkekroon begin versier en het dit die einde van die kamp aangekondig. Daar is vir oulaas nog rondom die kampvuur gekuier voordat Saterdagoggend se reëns almal haastig-haastig laat oppak het. Een van die hoogtepunte van die kamp was die gedenk-hemde wat deur Capestorm vir die geleentheid gemaak is. Die laatslapers was behoorlik groen van jaloesie oor die hemde toe die ander breë-bors daarmee spog op elke uitstappie.

Twintig persone het vir die eerste helfte van die kamp ingeskryf, terwyl daar 26 deelnemers vir die tweede deel was. Deelnemers was van Oos-Kaap (4), Vrystaat (2), Magaliesberg (2), Majuba (1), Kaapstad (2), KwaZulu-Natal (1) en natuurlik Stellenbosch (16) self. Daar was 4 besoekers.

Die mini-kamp bladsy op die Afdeling se web-tuiste is ook opgedateer om terugvoering oor die kamp te gee. Gaan loer gerus in by: http://ste.mcsa.org.za/minikamp/Minicamp.htm

• Uitstappie statistiek: 19 Oktober 2002 – 4 Oktober 2003

- Vanjaar was daar 41 uitstappies op die klimprogram. Slegs 4 uitstappies is gekanselleer weens slegte weer.
- 311 persone het deelgeneem aan die uitstappies waarvan 230 lede, 47 gaste en 34 aansoekers was.
- Daar was gemiddeld 7 persone per uitstappie met ‘n mininmum van 2 en ‘n maksimum van 20 deelnemers. Gemiddel 5 lede stap per uitstappie saam.
- Van die 249 lede van die Klub, het 84 (33%) ten minste een keer ‘n uitstappie bygewoon.
- 16 lede (7%) stap 5 keer of meer male in die jaar, d.w.s. ongeveer 1 keer elke 2 maande.
- Die meeste uitstappies wat deur ‘n lid voltooi is, is 10 uitstappies. Drie lede het elk vanjaar 10 uitstappies voltooi.

• Nuwe Lede en Aansoekers

- Baie welkom aan Henri Hanekom wat lid geword het.
- Aansoek om lidmaatskap is ontvang van: Willem de Bruin, Maritha Human, Alana van Rensburg. Ons hoop julle geniet die uitstapies terdeë.

• Klimprogram:

Let wel: Deelname aan uitstappies geskied op ***eie risiko***.

SATERDAG 22 NOVEMBER: VAALKOP, NABY WEMMERSHOEK DAM

‘n Stap met mooi uitsigte op privaatgrond naby Wemmershoekdam. Stap gedeeltelik op 'n ou jeeppad en 'n taamlik ongebruikte paadjie. Die area word selde besoek. Bel leier.
Leier: Christel Jost 021-872 4084 (h)
Vertrek: 07h30 vanaf Ingenieursgebou; ontmoet leier 8h00 aan onderkant van eerste Paarl afrit op N1
Voorgestelde brandstofbydrae: R30

SATERDAG 29 TOT SONDAG 30 NOVEMBER: VOLSTRUISKLOOF, GROOT-DRAKENSTEIN

Hierdie is sekerlik die Wes-Kaap se indrukwekkendste kloof abseil. Ons slaap bokant Duiwelskloof. Bring harnas en figuur-8. Fiksheid vereis. Pak lig. Getalle beperk, bel leier.
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021-425 2870 (w) of 083 233 4927
Vertrek: 13h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R15

SATURDAY 6 TO SUNDAY 7 DECEMBER: DWARSKLOOF, UPPER-OLIFANTS RIVER

A long and strenuous, but rewarding kloofing trip with lots of short swims and short jumps. Possible abseil. We will leave on Friday and camp next to the cars,so that we are able to start at first light (4h30).
Bookings between 26-28/11/2003 only.
Leader: Dennis Lange 021-434 2898 (h).
Departure: Leave Friday 18h00 from the US Engineering faculty
Proposed contribution towards petrol costs: R80

SATERDAG 6 TOT 11 DESEMBER: WITELSKLOOF, HEKSRIVIERBERGE (ZUURBERG)

Geniet 'n rustige klassieke vyf-dag Witelsrivier kloof uitstappie. Getalle beperk tot agt persone. Skakel die leier vroegtydig. Permitfooi R100 per persoon.
Leier: Paul Verhoeven 021-887 4113 (h)
Hierdie uitstappie is ‘n privaat inisiatief geloods deur Paul Verhoeven. Baie dankie vir die inisiatief en die uitnodiging na die res van die lede. Kontak Paul Verhoeven direk vir meer inligting en onkostes.

SUNDAY 21 TO THURSDAY 25 DECEMBER: HEX RIVER TRAVERSE (AVOID SOME OF THE CHRISTMAS MADNESS!!)

Karen Watkins invites members of the Stellenbosch Section to join a meet with the Meridian Hiking Club. Two options are available: Milner Vlakte (paradise!) Short, easy walk to the Vlakte and spend the following days wallowing in the stream or exploring the surrounding peaks and vlakte. The alternative is to do the classic Hex River Traverse (the wrong way!). Sleep the first night on the vlakte, the next night at Perry Refuge, and the last night at the Worcestor hut. Children welcome.
Leader: Karen Watkins 072 444 3914 (not pm)
This meet is a private initiative by Karen Watkins. Thank you for your initiative and the invitation extended to the members of this Section. Contact Karen directly for more information and costs.

SATERDAG 17 TOT SONDAG 18 JANUARIE: JAN DU TOITSKLOOF, HEXRIVIER

Stap tot by die oorhangkrans waar ons kamp. Dag twee stap ons tot by die touleer. Dit beloof om weer die paradys te wees. Getalle beperk, bel leier.
Sluitingsdatum vir bespreking: 9 Januarie 2004
Leier: Nico Holtzhausen 021-701 6174 (h) of 021-442 1279 (w)
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R40
Let wel: Lede wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.

SATERDAG 24 JANUARIE: KROMRIVIER WATERVAL, DU TOITSKLOOF

Hierdie uitstappie word in ‘n populêre gidsboek beskryf as “a cułde-sac to paradise”. ‘n Maklike uitstappie geskik vir almal (kinders). Getalle beperk, bel leier.
Sluitingsdatum vir bespreking: 16 Januarie 2004
Leier: Johann Leuvennink 021-886 4346 (h) of 021-808 4651 (w) of 082 660 5801
Vertrek: 08h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R30
Let wel: Lede wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.

DONDERDAG 29 JANUARIE: VIDEO AAND EN SPESIALE LEDEVERGADERING

Kom kyk weer 'n adrenalien gevulde aksie video van òf Fresh Air Crew òf K2. Die aksie word voorafgegaan deur 'n baie kort (15 minute maksimum) spesiale ledevegadering om veranderinge van die konstitusie goed te keur.
Kontakpersoon: Gerhard van Wyngaardt 021-425 2870 (w) of 083 233 4927
Plek: Saal B, Sportwetenskapgebou, Coetzenburg
Tyd: 19h00

SATERDAG 31 JANUARIE TOT SONDAG 1 FEBRUARIE: GROOTHOEKKLOOF-ABSEIL

Indrukwekkende Wes-Kaap kloof abseil. Moet abseil ondervinding hê. Onthou om jou rugsak waterdig te pak. Bring harnas en figuur 8. Getalle beperk, bel leier.
Leier: Retief Jordaan 023-356 2226 (h)
Vertrek: Vrydagaand 18h00 vanaf Ingenieursgebou– ons slaap op Retief se plaas
Voorgestelde brandstofbydrae: R80 + R20 ekstra vir omry Ceres-kant toe.

SATERDAG 7 FEBRUARIE: WOLWEKLOOF, NABY FRANSCHHOEK

Maklike en mooi kloofstap met lekker swemplek. Onthou swemklere en skoene om in die water mee te stap. Bel leier.
Leier: Dieter Steinmann 021-886 6043 (h)
Vertrek: 08h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R32

SATERDAG 14 TOT SONDAG 15 FEBRUARIE: VISGAT, BO-OLIFANTSRIVIERVALLEI

Mens kry nie aldag die kans om hier te gaan kloof nie. 'n Lilo of binneband is aan te beveel. Rugsakke waterdig verpak. Getalle beperk. Bel leier voor 06/02/2004.
Leier: Hans Scheffler 021-883 9025 (h)
Vertrek: 06h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R80

SATERDAG 21 FEBRUARIE: KLEINMOND SPORTKLIM

Sportroetes van verskeie graderings is hier beskikbaar. Bring harnas en klimskoene. Bel leier.
Leier: Hans-Peter Bakker 021-424 7257 (h) of 083 448 5413
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R50

SONDAG 29 FEBRUARIE: KERKDIENS, TAFELBERG

Die jaarlikse kerkdiens by Maclears Baken. Ons stap op met Skeleton Gorge en kom af met Nursery Ravine. Onthou ledekaarte vir Kirstenbosch hek.
Leier: Jaap van Wyk 021-887 5335 (h)
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou, of 8h00 vanaf Kirstenbosch se ou hoofingang.
Voorgestelde brandstofbydrae: R32

SATERDAG 6 TOT SONDAG 7 MAART: DE HOEK KLOOF, GROOT WINTERHOEK

'n Twee-dag kloof uitstappie af met die Groot Kliphuis Rivier. Moet kan boulderhop. Pak lig en waterdig (maks. 30 liter rugsak). Getalle beperk, bel leier.
Sluitingsdatum vir bespreking: 27 Februarie 2004
Leier: Gerhard van Wyngaardt 021-425 2870 (h) of 083 233 4927
Vertrek: 06h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R80
Let wel: Lede wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.

SATERDAG 20 TOT MAANDAG 22 MAART: MAANSKYNGROT, SUIDELIKE SEDERBERGE

Die Sederberge bied soveel ontvlugting dat jy net so wel op die maan kon wees! Stap Saterdag in na Maanskyngrot. Sondag klim ons Luna en Appollo en Maandag kom ons via Apexpiek terug. Bel leier.
Leier: Hans Scheffler 021-883 9025 (h)
Vertrek: 06h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R80

SATERDAG 27 MAART: LEDGES-ROETE, TAFELBERG

Ons gaan op met Silwerstroom, doen die lekker Ledges klouter ('C'-graad), en kom af met Left Face 'B'. Bel leier.
Leier: Paul Verhoeven 021-887 4113 (h) / 021-808 3334(w)
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou, en 8h00 vanaf Kloofnek.
Voorgestelde brandstofbydrae: R32

SATERDAG 3 APRIL: KLIPSPRINGER EN VICTORIAPIEK, JONKERSHOEK

'n Interessante kombinasie van 'n lekker klouter en Jonkershoek se hoogste piek. Lang dag, fiksheid vereis. Onthou "Wildcard" as jy een het. Bel leier.
Sluitingsdatum vir bespreking: 31 Maart 2004
Leier: David Blake 082 339 9881
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R10
Let wel: Lede wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.

WOENSDAG 7 TOT WOENSDAG 14 APRIL: PAASNAWEEK

Ondersteun asseblief Magaliesberg Afdeling se minikamp van 7-14 April. Die basiskamp sal by Mountain Sanctuary Park wees en mense kan enige tyd gedurende hierdie periode by die groep aansluit. Stap en klim, sowel as familie-uitstappies word beplan.
Kontakpersoon: Petrus Nel 082-578 9115

SONDAG 18 APRIL: GROTTO-FOUNTAIN-CAIRN TRAVERSE, TABLE MOUNTAIN

A wonderful traverse ending up underneath the cable station. Some B-grade rock scrambling and exposure. Descend India Venster. Children welcome. Phone leader.
Leader: Karen Watkins 072 444 3914 (not PM please)
Time: 7h15 from the US Engineering faculty, meet leader at 8h30 at Kloofnek car park.
Proposed contribution towards petrol costs: R32

SATERDAG 24 APRIL: TWEELINGPIEKE, JONKERSHOEK

Op met Suidfront, 'n 'C'-graad klouter. Kom met Nerinakloof af. Onthou "Wildcard" as jy een het. Bel leier.
Sluitingsdatum vir bespreking: 21 April 2004
Leier: Brian Brock 021-797 1901 (h)
Vertrek: 07h00 vanaf Ingenieursgebou
Voorgestelde brandstofbydrae: R10
Let wel: Lede wat kanselleer na die sluitingsdatum sal vir die permitkoste verantwoordelik gehou word.

- **Uitstappieverslae**

Leiers word vriendelik versoek om so gou as moontlik na die afloop van hul uitstappie die uitstappieverslagvorm te voltooi en terug te stuur aan die Nuusbriefredakteur (Lisa Theron), verkieslik per e-pos: news@ste.mcsa.org.za. Al het die uitstappie nie plaasgevind nie, moet 'n verslag steeds ingedien word.

LATE REPORT RECEIVED:
INDIA VENSTER, TAFELBERG: 31 MAY 2003

On 31 May 2003, four of us had a most enjoyable outing on Table Mountain. Two applicants, one being my son Chris, a good friend Rudolf Andrag and I strolled up India Venster across the top and down Left Face B. Beautiful weather, much chatter and quite uneventfull. We were down in time for afternoon tea (my son and I had ours at Mitchells Brewery on the waterfront). Definitely a winter route. Too hot and exposed to the sun in summer. Two of us had done Left Face B many years previously but the small enthuiastic group, a good route guide and reasonably well beaconed path made for an excellent opportunity to try something
new. Congratulations to Henry for daring to cross the Cape Flats to the "big city". Highly recommended and will offer it again next year if anyone is interested.

Leader: Dennis Laidler

GREEN GULLIES ROETE, MOSTERTSHOEK TWEELING: 26 – 27 JULIE 2003

Freda Morris skryf: Ek is bly dat ek nie vir die weervoorspelling die laaste sê gegee het nie, maar tog saam met Paul en die boer se skaaphond die uitstappie aangepak het. Die hond het gelukkig omgedraai toe die terrein te moeilik word. Ons het redelik steil opgestap tot bokant die eerste waterval en daar gekamp - elkeen met 'n sit/lêplek met 'n groot rots om teen vas te skop vir die nag. Die uitsig met sonsondergang was pragtig en ons het die mooiste sterre-hemel gehad om te help om die lang nag teen die skuinste om te kry.

Die volgende oggend was dit verder klouter op met die Green Gullies. Heerlik! Ek het net by een plek erg benoud geraak vir die blootstelling en Paul moes bietjie help. Teen 11h30 was ons bo (op die hoogste van die tweeling) en kon ons die koue fronte op die omliggende bergreekse sien saampak. By ons was dit koud en baie winderig, maar helder sonskynweer.

(Die leier skryf nou verder:) Na 'n vroeë middagete is ons af rigting Waaihoek. Op ongeveer 2/3 van die rug verbinding tussen Mosterthoek en Waaihoekpiek is daar 'n lae nek, op die kaart as Fouche's nek aangedui. Dit blyk 'n vinnige en veilige pad af te wees met ons eindbestemming - die plaas Vredehoek - duidelik en altyd sigbaar voor ons. Net voor donker was ons terug by die kar waar ons wél 'n warm stort maar nie 'n lekker koppie koffie by die plaashuis van die hand kon wys nie. 'n Lang dag, maar verseker die moeite werd.

Leier: Paul Verhoeven

VICTORIA PIEK, JONKERSHOEK: 2 AUGUSTUS 2003

Die uitstappie het plaasgevind net mooi die dag na die eerste sneeu van die winter. Alhoewel dit tot vroeg oggend (03:00) nog gerëen het, het dit 'n lieflike dag in Stellenbosch uitgedraai. Op die Dwarsbergplato egter het 'n stemmery plaasgevind oor of ons die ysige wind moes trotseer om die wolkbedekte piek te bereik, of liewer net die Panoramaroete moes doen....

Soos iemand dit gestel het: "Ek was al daar, ek weet hoe lyk die piek, en ons sal in elk geval niks kan sien nie... Kom ons draai liewer om...". "Waarna toe...? Stellenbosch toe, huis toe...? Wel, ek was al dáár ook gewees en weet hoe lyk Stellenbosch en my huis... Ek sal liewer die piek wil klim...", het iemand skerp geantwoord. Dis net wat ons wou gehoor het... Dit was dan ook met 'n selfvoldane gevoel dat ons, ten spyte van die ysige wind en die bitterlike koue die piek bereik het... al was ons net 5 minute daarbo, voor ons af is om skuiling teen die wind te soek. Net na middag ete, laer teen die piek af, het die piek oopgetrek...

Op pad terug, is ons vanaf die rëenmeters al met die rivier langs tot by twee pragtige swempoele. Dit was vir die meeste van ons die eerste sien van hierdie lieflike poele. Op pad soontoe het een van die lede hom met die nabyheid van die rivier misgis en pensen-pootjies in die rivier beland! Gelukkig het hy nie al sy warm klere aangehad nie, en was daar darm spaar klere in sy rugsak... anders sou dit katestrofiese gevolge gehad het!

Vanaf die poele het ons vir die Kurktrekker gemik en was ons 17:00 terug by die karre. Dit was sowaar 'n lieflike dag in die berge.

Leier: Peter-Jan Randewijk

POSTERN BUTTRESS, TAFELBERG: 9 AUGUSTUS 2003
Uitstappie uitgereën.

Leier: Frits Ensink

WESKUS BLOMMESTAP: 16 AUGUSTUS 2003
Uitstappie uitgereën.

Leier: Dieter en Maretha Steinmann

TURRETPIEK, KOUE BOKKEVELD: 24 – 24 AUGUSTUS 2003
In die week vooraf het dit so veel gesneeu dat Gerhard die vervoeringenieur meer bekommerd was oor die verkeer wat die sneeukykers gaan veroorsaak as die weer in die berge. Die son het lekker geskyn met die opstap en ons het via ‘n effens langer draai net voor donker by die grot gekom. Die sneeu, wat soms halflyf diep was, het sy tol geeis. Sondagoggend het die volgende koue front egter tot in die Koue Bokkeveld deurgedring en is ons in ‘n sneeustorm af sonder dat die Turret of die Piek geklim is. Volgens Gerhard dien geel opwashandskoene ook heel goed as sneeuhandskoene! (Foto binnekort op die webtuiste!)

Leier: Hans Scheffler

CAPE POINT NATURE RESERVE - FALSE BAY COAST: 31 AUGUST 2003
The group of eleven assembled at the entrance gate to the Cape Point Reserve at 09h00 on a chilly blustery day with rain in the offing. The easy "flower" walk commenced above Smitswinkel Bay after transport had been arranged at both ends but the strong north west wind and cloud ensured most flowers would remain asleep. Grand views of False Bay and sea cliffs were enjoyed all along the route, commencing with tea on the summit of Judas Peak (334m). Red Hyobanche and Erica cerinthoides contrasted with ubiquitous yellow leucodendrons and orange breasted sunbirds along the path. A whale was spotted in the white horses of a rough sea.

Paulsberg was bypassed and the route descended to a rocky and sandy beach. Four members left at Bordtjiesrif at about 14h00 to get home early but the remaining seven continued to Rooi Krantz despite imminent rain. Fortune favours the bold and the cars were reached at about 15h45 without getting wet.

It was a good day for brisk walking rather than flower viewing and all enjoyed the fresh air and camaraderie.

Leader: Anthony Keen

GROOTKOP, TAFELBERG: 4 OKTOBER 2003

Ons het die stap begin met die wete dat wolke in aantog is. Die eerste deel van die roete het gegaan deur ‘n gebied wat ‘n tyd gelede gebrand het en daar het ons baie mooi veldblomme gesien. Met ons aankoms bo-op die plato was Grootkop nog heeltemal oop, maar net toe ons hom begin klim het hy sy mis-kombers oorgetrek.

Die plantegroei langs die roete na Grootkop, en op Grootkop self, is baie besonders en het gehelp om die teleurstelling van die uitsigte wat ons van Grootkop af misgeloop het, te verwerk.

Leier: Jaap van Wyk

ROODE-ELS NA GROOTHOEK, HEXRIVIER: 11 – 12 OKTOBER 2003

Met ‘n half leë dam (die stille getuienis van ‘n ongewoon droë winter) agter ons, klim ons stadig die sykloof in die rigting van Groothoekpiek uit. Ons nuttig middagete in die omgewing van verspreide dennebome, wat ongemerk besig is om ook die Hexrivierberge in hierdie omgewing te besoedel. Ons loop ‘n ekstra draai om vir oulaas op die dam af te kyk, maar die erge deinserigheid, wat die donderbuie wat later sou uitsak, vooruitgaan, maak dit ‘n uitstappie van powere uitsigte. Ons slaap op Groothoekiek se stoep, langs ‘n stroompie met genoeg swembare poele om verskeie van ons van plesier te laat kraai. Na ons eers die piek oorwonne agterlaat, bekyk ons Groothoekkloof vanaf ‘n uitsigpunt vanwaar bykans die hele kloof na albei kante met al sy ongelooflike afgronde ver onder ons uitstrek. Dis net jammer dat ons nie die sneeu van die laaste kolle saam kon afneem nie, want die afsak na die bek van die kloof raak ‘n snikhete ervaring. Nogtans ‘n baie interessante en aangename uistappie.

Leier: Retief Jordaan

• DIE BESTUUR VIR 2003

Voorsitter	Hans Scheffler	021-883 9025 (h)	chair@ste.mcsa.org.za
Lede-sekretaris en tesourier	Jaap van Wyk	021-887 5335 (h)	membership@ste.mcsa.org.za
Sekretaris / Sosiaal	Gerhard van Wyngaardt	021-425 2870 (w) 083 233 4927 (s)	secretary@ste.mcsa.org.za
Nuusbriefredakteur	Lisa Theron	021-887 0585 (h) 084 749 1208 (s)	news@ste.mcsa.org.za
Klimprogram (1)	Elsje Scheffler	021-883 9025 (h)	meets@ste.mcsa.org.za
Klimprogram (2)	Frieda Morris	021-683 5646 (h) 083 781 2105 (s)	meets@ste.mcsa.org.za
Toegang en toerusting	Kate Henderson	072 447 4485 (s) 021-886 5993 (h)	access@ste.mcsa.org.za
Webmeester	Nico Holtzhausen	021-701 6174(h)	webwerf@ste.mcsa.org.za

• Nuttige kontaknommers

BKSA Kaapstad Afdeling Kantoor: 021-465 3412 (10h00 tot 14h00)
WKNBR Jonkershoek Kantoor 021-866 1560
Jonkershoek Reservaatbestuurder: Patrick Shone 082 467 0405
WKNBR Suidwes Streekkantoor 021-945 4701
Sederberg Wildernisgebied 027-482 2812
Boosmansbos Wildernisgebied 028-722 2412
Groot-Winterhoek Wildernisgebied 022-931 2900
Sentrale besprekingskantoor 021-426 0723
'n Volledige lys met kontakdetail van alle natuurreservate sal eersdaags op die Afdeling se webtuiste beskikbaar wees.
Bergredding: Metro / WSAR: 10177 of 021-948 9900



"Hold still, Carl! ... Don't ... move ... an ... inch!"

Nuusbrief versorg deur Elsje Scheffler
einde van nuusbrief No 237